Die Voortrekkers

Saterdag 13 Mei 2017

Beste staatmakers, offisiere, heemraadslede en ouers

INSAKE: OORD MONUMENT SE JAARLIKSE OORDJOL VIR VOLWASSENES – 'N PROE OM DIE WÊRELD

Alle volwassenes van Oord Monument word hartlik uitgenooi na die Oordjol op Saterdag 10 Junie 2017 vanaf 17:00 tot laat by Sytze Wierda se Voortrekkersentrum op die hoek van Friederiche- en Koedoe-straat, Wierdapark (Google Maps: https://goo.gl/maps/TG4xarJyuh52).

Die tema is ***'n Proe om die wêreld***. Elke gesin moet asseblief 'n tradisionele gereg vir ongeveer ses volwassenes saambring wat 'n bepaalde land verteenwoordig. Ons gaan dan heerlik aan mekaar se geregte proe. Gesinne moet met hulle kommando bevestig watter land hulle moet verteenwoordig. Elke kommando moet dan poog dat daar 'n goeie balans is van geregte. Die oord sal sorg vir nagereg.

Die betrokke kontinente is as volg toegeken aan die kommando's:

- Midstream Voortrekkers: Afrika
- Polsslag Voortrekkers: Amerika
- Rooihuiskraal Voortrekkers: Australië
- Sesmylspruit Voortrekkers: Asië
- Sweepslag Staatmakers: Amerika
- Sytze Wierda Voortrekkers: Europa

Almal moet asseblief hulle eie drinkgoed en peuselhappies (as jy dalk dink dat jy dalk nog honger mag wees nadat jy van al die geregte geproe het) saambring. Die oord sal sorg vir 'n inlê-fliek vir die kinders.

Oorddagbestuur:
OL Philip de Kock, AOL Willem Scholtz (Administrasie en Finansies),
AOL Anita Dreyer (PDs), AOL Annaretha Coetzee (Verkenners),
AOL Petra Bester (Volwasse sake)

Oord Monument is deel van *Die Voortrekkerbeweging* (Maatskappyregistrasienommer: 021-962-NPO)

Drag is gemaklik en warm. Trek asseblief aan volgens die land wat julle verteenwoordig het met julle gereg.

Almal moet hulle bywoning bevestig by jou adjunk-kommandoleier [administrasie] teen **Dinsdag 5 Junie 2017**. Elke kommando moet asseblief ’n opgaafvorm aan AOL Willem Scholtz by willemj.scholtz@gmail.com en AOL Petra Bester by pbester71@gmail.com stuur, waarin die kommando bevestig hoeveel kinders en volwassenes die Oordjol gaan bywoon.

Enige navrae kan aan AOL Petra Bester gerig word by 082 392 1856 of pbester71@gmail.com.

Moenie hierdie onvergeetlike reis om die wêreld misloop nie – dit gaan ’n JOL wees!!

Vriendelike Groete

Petra Bester
Adjunk-oordleier [volwasse sake]
Oord Monument